Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Bronagh Hammond**
Direktoraat: Kommunikasie
Bronagh.Hammond@westerncape.gov.za | 021 467 2531

Lêerno.: 3/3/4/R
Verwysing: 20240603-4327

Omsendbrief: 0019/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Inklusiewe Gespesialiseerde Leerderopvoedingsondersteuning, Distriksamptenare, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

Kort opsomming: *Implementering van die Wes-Kaapse Regering se gedragskode vir sosiale media.*

**Onderwerp: Implementering van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se gedragskode vir sosiale media**

1. Op 19 September 2023 het die Koördinerende Kamer van die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens van die Wes-Kaap verklaar dat behoorlike oorlegpleging oor die WKR se gedragskode vir sosiale media plaasgevind het.

2. Die doel van die WKR se gedragskode vir sosiale media is om werknemers in kennis te stel dat hulle persoonlik aanspreeklik is wanneer hulle materiaal op hul sosialemedia-platforms plaas en daarom moet toesien dat hul plasings nie onvanpas of skadelik is of die WKR, werknemers van die WKR of burgers in oneer bring nie.

3. Die doelstellings van die gedragskode is om werknemers in kennis te stel dat die werkgewer werknemers persoonlik verantwoordelik sal hou vir hul gebruik van sosialemedia-platforms in hul persoonlike hoedanigheid, en om die rolle en verantwoordelikhede van belanghebbers te omskryf.

4. Wangedrag ten opsigte van sosiale media deur opvoeders by openbare skole word deur die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), gereguleer, spesifiek Bylae 2, wat die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir Opvoeders bevat. Bylae 2 moet saamgelees word met Bylae 8 (Kode van Beste Praktyk: Ontslag) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995).

5. Die Regering se Kommunikasiebeleid, 2018, wat in 2019 deur die Departement van Regeringskommunikasie- en -inligtingstelsel (GCIS) uitgereik is, stipuleer dat alle kommunikasie met die nuusmedia, wat mediavrystellings, mediaverklarings of kommentaar, onderhoude, meningstukke en briewe aan die redakteur insluit, binne die bestek van die regering se mediaskakelingsaktiwiteite val. In die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is mediaskakeling uitsluitlik aan die Direktoraat: Kommunikasie toegewys.

5.1 Gemagtigde woordvoerders sluit in:
- (a) Die provinsiale Minister van Onderwys en sy/haar amptelike woordvoerder (mediaskakelbeampte)
- (b) Die Hoof van die Departement (HvD)
- (c) Die Direkteur: Kommunikasie
- (d) Ondersteunende woordvoerders en personeel wat in die Direktoraat: Kommunikasie geïdentifiseer is
- (e) Tegniese woordvoerders wat deur die Direktoraat: Kommunikasie geïdentifiseer is.

5.2 Proses vir mediaskakeling:
- (a) Medianavrae wat betrekking het op die WKOD, wat alle openbare skole insluit, moet eers onder die aandag van die Direkteur: Kommunikasie of gemagtigde woordvoerders gebring word.
- (b) Toestemming moet verkry word om oor skoolverwante aangeleenthede met die media te skakel.
- (c) Toestemming kan verkry word deur ’n e-pos aan die Direkteur: Kommunikasie te stuur.
- (d) Die HvD of sy/haar benoemde moet vooraf goedkeuring verleen vir mediafotografie of videografie in skole.
- (e) Alle mediaskakeling moet aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting voldoen. Die tersaaklike toestemmingsvorms vir fotografiese of videografiese doeleindes moet verkry word.

6. Hoofde van inrigtings en betrokke bestuurders moet alle personeel in kennis stel van die inhoud van hierdie omsendbrief, asook die WKOD se gedragskode vir sosiale media, wat aangeheg is.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-06-20